**Huiswerkvel 20 (Hoofstuk 10)**
**Taalstrukture en – konvensies**

**Vraag 1**

1.1 Skryf die voornaamwoorde in die volgende sinne neer en benoem dit.
1.1.1 Ek gaan aan die konsert deel neem. (1)
1.1.2 Niemand het die toets geslaag nie. (1)
1.1.3 Sy het haarself teen die been gestamp. (1)
1.1.4 Die raket is myne. (1)
1.1.5 Jy moet dit altyd dra. (1)

1.2 Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm:
1.2.1 Die seun vryf die krieketbal blink. (1)
1.2.2 Bulani het die liedjie baie mooi gesing. (1)
1.2.3 Die sportspanne sal die Interskole wen. (1)

1.3 Uit watter taal is die volgende woorde ontleen?
1.3.1 blatjang
1.3.2 kraal
1.3.3 camouflage
1.3.4 bolmakiesie
1.3.5 impala

1.4 Voorsien die volgende uittreksel uit *die dag op nuweland* van die korrekte punktuasie. (5)

en soos ons boland en haak vrystaat skree
brei sy al vinniger
sodat ek senuweeagtig word
oor die spoed
waarmee sy die wol
oor haar dun dun vinger stoot

**Vraag 2**

Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies:
2.1 Wade is ŉ vriend van (my/myne). (1)
2.2 Die rugbyspeler moet (syne/sy) nuwe rugbystewels aantrek. (1)

Volooi die sinne deur die ontbrekende voornaamwoord in te vul:
2.3 Die bal _______________ hulle speel, is myne. (1)
2.4 Is hierdie tekkies ______________ of jou broer __________ ? (2)

Gee die regte vorm van die woord tussen hakies:
2.5 Die (trots) wat ek nog gevoel het, was toe ek die goue medalje gewen het. (1)
2.6 My ma het ŉ (smaak) ete vir ons gesin voorberei. (1)

**Totaal: 25**

Hierdie bladsy mag gekopieer word.